

A 4.4 EKOLOGIE

1. SAMESTELLING VAN DIE TAAKSPAN

Anton Doyer (Oosterlike sinode)
Nadia Marais (Wes Kaapland)
Willie van Heerden (Noordelike sinode)
Attie van Niekerk (Oostelike sinode)
Ernst Conradie (Wes Kaapland)
Fouche de Wet (Noordelike sinode)
Fay van Eeden (sameroeper) (Noordelike sinode)

2. ONS KYK TERUG

2.1 WAAR KOM ONS VANDAAN?

Tydens die Algemene Sinode van 2015 is die volgende opdrag aan die projekspan Ekologie opgedra:

“Die Algemene Sinode dra dit aan die Projekspan Ekologie op om ’n studiestuk op te stel oor (1) hidrobreking, (2) kernkrag en (3) hernubare energie vir voorlegging by die volgende sinodesitting wat die Sinode sal kan begelei om formeel oor hierdie sake standpunt in te neem” - en fokus op die kwessie van hernubare energie.

2.2 WERKSAAMHEDE VAN DIE TAAKSPAN

2.2.1 Sedert 2016 het die taakspan jaarliks bymekaar gekom om ekologiese kwessies te bespreek.

2.3 WAAROM IS ONS DANKBAAR, WAAR HET ONS GEVORDER, HOE GEBRUIK DIE HERE REEDS DIE NG KERK?

In die proses van die taakspan se navorsing en nadenke rondom verskillende ekologiese sake en kwessies het die taakspan diep onder die indruk gekom van die kompleksiteit rondom verskeie ekologiese kwessies. Ons het in die proses ontdek dat ons as groter kerk nie net ’n profetiese taak het nie, maar ook ’n getuienistaak wat ’n inspirerende visie, droom en leefwyse behels. Ons het verder besef dat dit vir die NG Kerk belangrik is om geloofwaardig oor die ekologie te kan getuig, en dat geloofwaardigheid vereis dat ons met kundigheid oor die komplekse sake moet praat, waarvoor ons kundiges se advies nodig het, en dat die erns waarmee ons praat deur eie daede en optrede bevestig moet word. Dit is ook belangrik om hande te vat met ander vennote wanneer daar standpunt ingeneem moet word tov groot ekologiese kwessies soos byvoorbeeld hidrobreking. Hierdie vennote sluit onder andere SAFCEI, Benchmarks en die Anglikaanse kerk in, asook sekulere inisiatiewe van kundige aktiviste, besighede, industrië, media, universiteite en owerhede.

3. INSIGTE UIT DIE WOORD, TEOLOGIE, NAVORSING

3.1. KLIMAATVERANDERING

Op 8 Oktober 2018 is die opsomming van die *Intergovernmental Panel on Climate Change* (IPCC) se **Summary for Policymakers** vrygestel in Incheon, Republiek van Korea. Daarin word gewaarsku dat vinnige, verreikende en ongekende (unprecedented) veranderinge in alle aspekte van die samelewing vereis word om klimaatverandering tot ’n styging van 1,5°C te kan beperk: "We face a really large challenge but it is not impossible to limit warming to 1.5 degrees. I wouldn't want to be too optimistic as it will require huge changes, but if we don't do it, that will also require huge changes" (Dr Natalie Mahowald, een van die opstellers van die IPCC verslag). Indien verwarming bo 1.5°C styg, is die skade aan ekologiese stelsels so

ernstig dat die lewe soos ons dit ken ineenstort. Op die oomblik is ons fluks op pad na 'n vernietigende 3°C verwarming.

Die verslag moet ernstig opgeneem word, want die tekens is reeds daar dat hulle reg is. Duisende kenners wêreldwyd het bygedra tot die verslag.

Die opstellers van die verslag glo dat dit nog moontlik is om die doelwit van 1,5°C te bereik. Hulle het ook verskillende modelle opgestel oor die pad vorentoe, en bevind dat daar nie belangrike botsings is tussen pogings om armoede te bestry en pogings om klimaatverandering teen te werk nie, mits die take reg beplan en uitgevoer word (**Valérie Masson-Delmott et al (ed.s) Global warming of 1.5°C. An IPCC Special Report on the impacts of global warming of 1.5°C above pre-industrial levels and related global greenhouse gas emission pathways, in the context of strengthening the global response to the threat of climate change, sustainable development, and efforts to eradicate poverty. Summary for Policymakers, p 22** (https://www.ipcc.ch/site/assets/uploads/sites/2/2019/05/SR15_SPM_version_report_LR.pdf))

Die verslag beklemtoon die dringendheid van optrede, die moontlikheid van 'n goeie uitkoms, die verband tussen dinge soos armoede en klimaatverandering, en die belangrikheid van kundigheid en dissipline om hierdie sake op die regte manier aan te pak. Almal se samewerking is nodig.

3.2. DIE EKOLOGIE IN DIE ALGEMEEN

Die probleem is nie net by globale klimaatverandering nie, dit raak die hele ekologie, wat elke mens se plaaslike ekologie insluit.

Dat ons ekologiese voetspoor die aarde ernstig benadeel en ons besig is om omgewingskapitaal roekeloos te verkansel, is ongelukkig 'n onweerlegbare feit. In 'n opsomming van 'n verslag van die **Intergovernmental Science-Policy Platform on Biodiversity and Ecosystem Services (IPBES)**, wat in vroeg in Mei 2019 in Parys beskikbaar gestel is, en wat beskou word as die mees omvattende opname tot op hede, word berig dat 'n miljoen spesies me uitwissing bedreig word: "The overwhelming evidence of the IPBES Global Assessment, from a wide range of different fields of knowledge, presents an ominous picture," said IPBES Chair, Sir Robert Watson. "The health of ecosystems on which we and all other species depend is deteriorating more rapidly than ever. We are eroding the very foundations of our economies, livelihoods, food security, health and quality of life worldwide. The Report also tells us that it is not too late to make a difference, but only if we start now at every level from local to global," he said. "Through 'transformative change', nature can still be conserved, restored and used sustainably – this is also key to meeting most other global goals. By transformative change, we mean a fundamental, system-wide reorganization across technological, economic and social factors, including paradigms, goals and values." (<https://www.un.org/sustainabledevelopment/blog/2019/05/nature-decline-unprecedented-report/>)

Dat die kerk ons beste bydrae moet lewer om waardes, denkwyses en daaglikse gewoontes en praktyke te verander, is voor die hand liggend.

3.2. VOLHOUBAARHEID

In ons besinning oor ons verhouding met die ekologie is die konsep van volhoubaarheid van sleutelbelang. Miller & Spoolman omskryf dit as '... the capacity of the earth's natural systems and human cultural systems to survive, flourish, and adapt to changing environmental conditions in the very long-term future.' [p.5]. En vervolg: 'It is about people caring enough to pass on a better world to all generations to come.'

Conradie wys daarop dat die Klub van Rome reeds in 1972 in hulle verslag '*Limits to Growth*' tot die gevolgtrekking gekom het dat onbegrensde ekonomiese groei nie moontlik is op 'n begrensde planeet nie. Die gepaardgaande druk op grondstowwe loop uit op 'n kantelpunt van uitputting wat die welsyn van ekosisteme en dus die toekoms van lewe op die planeet soos ons dit nou ken, ernstig in gedrang bring. 'Een goeie voorbeeld hiervan raak olie en steenkool. Die wêreldwye ekonomie verbrand in een dag soveel olie as wat dit die planeet geneem het om in 10 000 dae op te berg. Anders gestel, 27 jaar van opgebergde energie word elke dag verbrand in en deur ons huise motors, fabriekke en plase.' [p.38]. Hy beklemtoon dat

“ontwikkeling” en “volhoubaarheid” eintlik logies teenstrydig is en argumenteer dat die ‘volhoubaarheid van ekosisteme eerder as uitgangspunt vir die ekonomie aanvaar word’. [p.44]. Om hierdie logiese teenstrydigheid te vermy verkies Larry L. Rasmussen (1996: 134, 267) die term “volhoubare gemeenskappe”, wat meer klem lê op plaaslike verhoudings, plaaslike oplossings en kwaliteit van lewe as op vooruitgang en verbruik. In die benadering is die plaaslike gemeente van groot belang.

Oorspanning van die drakrag van ekosisteme het waarneembare gevolge t o v klimaatsverandering; onstabiliteit van groter ekosisteme; ineenstorting van sekere sektore van die vissery-bedryf; opeenhoping van toksiese afvalstowwe; en die naderende einde van die petroleum-era [Conradie p.47]. Diè menslike impak op ekosisteme word gekwantifiseer in terme van die aantal hektare wat nodig is om die biologiese hulpbronne waarvan ons leef te produseer en die afvalstowwe daarvan te absorbeer, ons sg ‘ekologiese voetspoor’.

In die soeke na ‘n volhoubare oplossings tree drie faktore na vore:

1. die wetenskaplik-tegnologiese oplossingsmoontlikhede;
2. politieke wil, waarsonder e g nie effek gaan hê nie; en
3. die oortuiging dat individuele pogings, hoewel gering t o v die groot prentjie, gesamentlik tog ‘n beduidende impak maak.

Afwesigheid van een van hierdie komponente kom neer op eko-ongunstige kompromieë wat die bereiking van gepaste oplossings onmoontlik maak. Die geskiedenis is vol voorbeelde van hoedat die gebrek aan politieke wil bv die bereiking van eko-doelwitte - soos vermindering van koolsuurgas-vrystellings - vertraag. Dit geld huishoudings en gemeenskappe net so veel as owerhede en groot industrië.

HERNUBARE ENERGIE

Hernubare energie is energie wat verkry word van bronne wat hulself gedurig hernu, soos water, son, wind, plante, geotermiese bronne, getye en branders.

Ontginning van die bronne het ‘n groter of kleiner impak op die omgewing. As reënwoorde uitgekap word om biobrandstof te vervaardig is daar ‘n groot impak, en die turbines waarmee windenergie opgewek word kan dalk nadelig wees vir voëls. Hernubare bronne soos wind, water en son het egter oor die algemeen ‘n baie kleiner impak op die omgewing as fossielbrandstowwe. Suid-Afrika word bescou as een van die lande met die mees geskikte sonlig vir die opwekking van sonenergie.

Daar is verskillende faktore wat oorweeg word as daar oor energiebronne besluit word: gevestigde belange, politieke spanninge, ekonomiese oorwegings, verbruikersbehoefte en -vereistes, tegnologiese ontwikkelinge, beskikbaarheid van ander bronne, waardes, ensovoorts.

Suid-Afrika, soos baie ander lande in die wêreld, het ‘n beleid oor hernubare energie, en stel doelwitte daar van watter persentasie van die nasionale energiegebruik deur hernubare bronne verskaf moet word. Duitsland is een van die lande wat die beste vorder om sulke doelwitte te bereik. Daar word berig dat Duitsland in die eerste week in Maart 2019 65% van die land se energie met hernubare bronne opgewek het (<https://e360.yale.edu/digest/renewables-generated-a-record-65-percent-of-germanys-electricity-last-week>)

Wildpoldsried, ‘n dorp in Duitsland met sowat 2,600 inwoners, gee die pas aan: die dorpie produseer, na berig word, 500% meer krag as wat hulle nodig het, en dit van hernubare bronne! Hulle verkoop die ekstra energie deur dit in die elektrisiteitsnetwerk in te voer. (<https://inhabitat.com/german-village-produces-500-of-its-energy-from-renewable-sources/>). Daar kan baie bereik word op plaaslike vlak.

STEENKOOL AS ENERGIEBRON

Ontginning van fossielbrandstowwe, spesifiek steenkool, bring hierdie etiese riglyn ernstig in gedrang. Waarom dié standpunt?

In 'n verslag van Merel Schreuder, 'n student in Politieke Studies, getiteld *A Political Risk Assessment and Management Study of Coal Mining*, wat gebaseer is op haar ondersoek oor die stand van steenkoolontginning op die Hoëveld [2014], bespreek sy die impak daarvan op drie vlakke:

1. **Globaal:** Die ironie op hierdie vlak is dat steenkool toenemend as goedkoop energieverkaffer gebruik word om die eise aan bevolkingsaanwas en nywerheidsontwikkeling te dra, terwyl dit grootliks bydra tot globale klimaatsverandering wat negatief impakteer op veral die arm gemeenskappe. Dis dus logies dat lande wêreldwyd betrokke raak by organisasies en bewegings wat omgewingsvriendelike hernubare energiebronne bevorder. Die bekende bottelnek is egter die deurvloei van besluite en beleidsvorming op internasionale forums na nasionale en plaaslike vlak.

2. **Nasionaal:** SA is naas China, die VSA, Indië, Indonesië, Australië en Rusland die 7de grootste produsent van steenkool ter wêreld met 260 milj metrieke ton p j [2012]. T s v die negatiewe invloed op die omgewing vorm steenkoolontginning steeds die grootste komponent en die basis van SA se energieverkaffingsbedryf en geen effektiewe maatreëls om dit om te keer is in plek nie. Verbruik, besoedeling van waterbronne en die verlegging van natuurlike vloei daarvan, kweekhuisgas- en CO₂-vrystellings [die hoogste op die vasteland], gronddegradasie en beskadiging van bio-diversiteit gaan onverstoord voort. .

A g v die twee faktore tw 1] 'n beduidende verdienste aan buitelandse valuta asook 2] primêre energieverkaffing, en die feit dat steenkool as 'goedkoop' beskou word, bly die plaaslike gebruik daarvan hoog. . Die skrywer verwys na navorsing wat oortuigend aantoon dat die langtermyn koste van omgewingsbeskadiging i t v gesondheid en lewenskwaliteit, anders as standaardkoste soos arbeid, kapitaal en grondstowwe nie in myne se balansstate gereflekteer word nie. Die gevolgtre 2009 was daar na berig word reeds 6 000 verlate 'eenaarlose' myne op die Hoëveld. Die produksie van steenkool, die 'versteekte' kostes in ag genome, is dus eintlik geweldig duur. Regeringsmaatreëls en aanbevelings van impakstudies word weens finansiële oorwegings gesystap en lewer nie die nodige resultate nie.

Daarbenewens bevind die navorser dat die verhouding tussen die regering en die ontginningsnywerheid [=mynhuise] gekompliseerd is a g v verskeie faktore soos:

- die ekonomiese bydrae van die industrie juis in 'n siklus van ekonomiese afplating waartydens druk op die regering vir werkverskaffing en ontwikkeling toeneem;
- erodering van politieke wil om op te tree teen maatskappye in wie se guns die magsbalans geswaai het; en
- gesofistikeerde en gefragmenteerde regulering van die bedryf deur t m drie staatsdepartemente wat effektiewe toepassing bemoeilik.

3. **Plaaslik.** Die grond sowel as die ryk waterbronne insluitend damme, vleilande, panne, riviere en spruite van die tradisioneel landbou-georiënteerde Hoëveld word stelselmatig deur mynbou vernietig. Beheer oor en beperking van mynbou-aktiwiteite is nou 'n akute noodsaaklikheid om 'n aanstormende katastrofe af te weer. Soos gewoonlik is dit die plaaslike gemeenskappe wat ly onder die gevolge van omgewingsdegradasie en te kampe het met watertekorte, suurwater en onomkeerbaar beskadigde lanbougrond.

Huishoudings is afhanklik van goedkoop steenkool vir energie en kyk ook na mynmaatskappye vir indiensneming. Die verwagting van kort termyn finansiële voordele verhoed die konseptualisering van die lang termyn impak. Die gevolg daarvan is grootskaalse maatskaplike ontwrigting insluitende korrupsie, intimidasie, geweld, sluipmoorde en dies meer. Uiteindelik word sulke gemeenskappe in groter armoede gedompel as toe bestaansboerdery die manier van lewe was. Plaaslike leiers en bevolking ervaar ontmagtiging en die frustrasie van geen seggingskap te hê in besluitneming wat hulle toekoms raak nie.

Hierdie observasie klop met diè van die Bench Marks Stigting. Die voorsitter biskop Jo Seoka, in sy voordrag *No place in the Sun for Mining Communities* op 22 Oktober '18 by die jaarlikse algemene konferensie van die Stigting bevestig : "The impoverishment of communities is at an alltime high, with their way of life and dignity all but destroyed. Communities and their leaders continue to be marginalised in

decision-making, and the power relations between mining companies and communities remain grossly skewed. We now talk about traumatised communities.”

SLOTOPMERKINGS

Wat die toekoms betref, voorsien Schreuder twee moontlike scenario's:

1. **Die 'Koolstofstad'** – wat beteken dat die status quo met al sy negatiewe konsekwensies gewoon voortgesit word ... totdat steenkoolreserwes [oor so 150 jaar] uitgeput is.

Internasionaal duur die aanvraag vir goedkoop energie soos steenkool voort, rehabilitasie-maatreëls vat nie plaaslik grond nie en klimaatsverandering word 'n al groter werklikheid.

Nasionaal bly SA se verbruikersekonomie vir 'n onbepaalde tyd fossielbrandstof-gesentreerd as gevolg van blywende armoede en versnelde behoefte aan elektrifisering. Die omgewing word verder vernietig en gemeenskappe gedestabiliseer.. Druk op mynhuise om gepaste korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid [CSR]-beleide te formuleer, maar veral toe te pas, neem toe, soos ook aandrang op swart ekonomiese bemagtiging [BEE] en nasionaliseringsopsies. Dit gee weer aanleiding tot 'n dryf na meganisering wat op sy beurt indiensneming beperk – en so kry 'n kringloop momentum waarin die mynongewing verder gekompliseer word.

Plaaslik realiseer verwagtings van korttermyn-bevoordeling soos indiensneming slegs in beperkte mate en verhoed dit dat die langtermyn komplikasies gevisualiseer en hanteer word. Tipiese probleme soos reeds uitgewys, nl bedreiging van landbou, gefrustreerde verwagtings en gebrekkige kommunikasie tussen gemeenskap en mynbestuur woeker voort en intensifiseer tewens. Uitgewerkte myne word agter gelaat en informeel deur groepe mans [sg 'Zama-zamas'] onder ongereguleerde en onveilige omstandighede 'gemyn'. Suurwater, gesondheidsrisiko's, onstabiele ondergrondse struktuur, gewelddadige kompetisie, korrupsie en uitbuiting vorm 'n uiters ongewenste werksomgewing.

2. **'Skoon en Groen'**. Gekenmerk deur tegnologiese innovasie en progressiewe politieke ondersteuning in die rigting van hernubare energie, skeep hierdie scenario 'n aantreklike alternatief op die bostaande en hou vir almal 'n wen-wen situasie in: werkverskaffing, grondrehabilitasie, samewerking tussen gemeenskap en industrie, wedersydse inagneming en 'n beter lewe vir almal. Die vraag egter is: is dit 'n mite, 'n onhaalbare droom?

Internasionaal/Gloobaal is die tekens daar dat die leidende ekonomieë wat die grootste energieverbruikers is, begin om klimaatsverandering aan te spreek en werk te maak om hernubare energie in te faseer in die plek van fossielbrandstof. Hierdie tegnologie kan in 'n land soos SA, investering goedsikks vergesel omdat die vereiste kundigheid, infrastruktuur en natuurlike bronne soos son en wind genoegsaam beskikbaar is.

Nasionaal bly die vraag of die noodsaaklike politieke wil aanwesig is . Die staat het dalk nie die finansiële kapasiteit om self hernubare energie-projekte te loods nie, maar kan 'n positiewe klimaat skeep vir die industrie om dit wel te doen. Dit behels aan die een kant beperking van gebiede waarop gemyn mag word, die ontmoediging van steenkoolverbruik bv deur die heffing van koolstofbelasting, en aan die ander kant, insentiewe vir die ontwikkeling van hernubare energie. Om positief daarop te reageer, is dit vanselfsprekend dat maatskappye 'n paradijmaskuif sal moet maak. Sonkrag is maar een ooglopende opsie in hierdie verband vir SA en kernenergie word ook as 'n 'skoner' bron in die studiestuk aangedui.

Plaaslik kan die wegbeweeg van steenkool-gebaseerde na hernubare energieverkaffing, die gemeenskap op die vlakke laat beland, omdat indiensnemingsmoontlikhede verminder, terwyl 'n terugkeer na lewensvatbare landbou in 'n beskadigde omgewing in die kort termyn uiters onwaarskynlik sal wees. Soos aangetoon, is die ellende van 'n daaglikse stryd om bestaan, om die minste te sê, nie bevorderlik vir die keuse ten gunste van lang termyn-voordele nie. Oplossings sal daarvoor gevind moet word.

Samevattend kan die volgende risiko's vir plaaslike gemeenskappe wat steenkool-ontginning vergesel, geïdentifiseer word:

- *Water*, beide in terme van beskikbaarheid en bruikbaarheid. Die toksiteit van water in die Carolina-omgewing in 2012 het hierdie dorp as 'n 'eerste' gedompel in 'n waterkrisis wat reeds landwyd onrusbarende afmetings begin aanneem;
- *Oorname van verlate myne* deur groepe op plaaslike vlak nadat maatskappye onttrek het, met al die gevare en risiko's daaraan verbonde;
- *Gewelddadige onrus*. Gereelde protesaksies [met 'n frekwensie van een elke twee dae die afgelope paar jaar] waarvan Marikana die bekendste, neig sterk na gewelddadigheid en laat 'n spoor van maatskaplike ontwrigting na.

4. HOE DAAG HIERDIE INSIGTE ONS UIT?

4.1 HOE HOU DIT VERBAND MET DIE LAND OF KERK SE NOOD?

In die verslag van die Taakspan aan die vorige Sinode voorberei deur dr Nadia Marais beklemtoon sy die mens - ook en veral as gelowige - se etiese verantwoordelikheid ten opsigte van die florerings van die skepping. In wese is dit waaroor ons rentmeesterskap gaan. Ek haal aan: *'Rentmeesters, wat die florerings van toekomstige generasies net so hoog ag as die florerings van huidige generasies, kies in sulke omstandighede – waar die moontlike gevolge katastrofies en die risikos vir onomkeerbare skade aan die biodiversiteit, natuurlewe en gesondheid mense hoog is – vir voorkoming. So 'n posisie is dus met goeie rede behoudend, omdat die primêre prioriteit van rentmeesters binne God se huishouding die veiligheid, geborgenheid, versorging, en florerings van die aarde en al haar lewende wesens is.'*

Die nood van die skepping is ook die nood van die mens, en dit daag die kerk uit om op teologiese en praktiese vlak erns te maak met die ekologiese krisis wat ons in die oë staar.

Die vraag wat die kerk se rol is te midde van al die ander rolspelers, en wat ons kapasiteit is om hierdie rol te kan speel.

Daar is dinge wat die kerk saam met ander kerke moet doen, en daar is dinge wat die kerk saam met nie-kerklike instansies moet doen, soos wetenskaplikes, industrië, besighede, nie-regeringsorganisasies, nie-christelike godsdienste en burgerlike bewegings. Op al hierdie terreine is daar mense wat hard werk aan hierdie probleem, en die kerk kan nie sonder hulle veel vermag nie.

Ons moet onderskei tussen die rol van verskillende vorme van kerkwees. Die sinode se rol is het te doen met dinge soos die profetiese stem van die kerk teenoor die staat en die groot besighede of industrie. Dit vereis kundigheid van die makro-prosesse waarin ons betrokke is.

Die gemeente se rol is op die plaaslike vlak, in aansluiting by Rasmussen se pleidooi vir volhoubare gemeenskappe op plaaslike vlak. Die dorpie Wildpoldersied kan as bewys dien van sy argument, en as inspirasie. Verandering van lewenstyl – soos hoë vlakke van energie-gebruik en ander kenmerke van die verbruikerseconomie – moet by die predikante en ander leiers in die gemeente begin, en deurwerk na lidmate en die hele gemeenskap. Ons huidige lewenstyl is vir die meeste van ons 'n gerieflike gevangenis waarin ons verstregtelik is deur gewoontes, kontrakte, verpligtinge, groter strukture soos ons vervoerstelsel, ensovoorts. Die mikro-strukture van ons lewe is ingebed in die makro-strukture. Ons kan ons leefstyl nie sonder groot inspanning herstruktureer of transformeer nie. Ons lewenstyl het oor jare ontwikkel deur die bydraes van talle kundiges en omstandighede, en in ons nuwe omsandighede moet dit weer verander, weereens, met behulp van kundiges.

Die nodige veranderinge moet op al die vlakke plaasvind. Dit help nie veel om beswaar te maak teen die skade wat Sasol en Eskom aan die omgewing aanrig as ons eie vlakke van energiegebruik net so hoog bly as wat dit was nie. Die inisiatief vir verandering moet van "onder" af, van die mikro-prosesse en –praktyke van ons daaglikse lewe af, geneem word net so veel as van "bo" af, van die makro-prosesse se kant af.

4.2 OOR WATTER GRENSE VAT DIT ONS?

Ekologiese bewussyn en samewerking nooi ons uit om hande te neem oor kulturele, rasse en kerklike grense.

4.3 WAT IS DIE NUT VIR GEMEENTES?

Die taakgroep hoop dat die inligting, soos vervat in die verslag, gemeentes sal motiveer om lidmate te help om meer ekologiese te leef en ook standpunt in te neem waar nodig en moontlik. Die taakspan droom daarvan om 'n Eko-gemeente projek te ontwikkel wat gemeentes sal help om meer ekologies-sensitief te funksioneer.

5. VERHELDER EN FOKUS: WATTER HELDERHEID KOM NA VORE?

5.1 HOE VERSTAAN ONS GOD SE ROEPING?

Ons glo dat ons as gelowiges geroep is om so met die hulpbronne tot ons beskikking om te gaan dat daar 'n volhoubare toekoms vir die geslagte na ons sal wees.

5.2 ONS STAAN SAAM VOOR GOD: WAT IS 'N TOEPASLIKE REAKSIE?

Ons is dankbaar oor die groeiende ekologiese bewussyn onder gelowiges en gemeentes. Ons vier die groeiende hoeveelheid gemeentes wat ekologiese bedienings begin asook aanpassings wat gemeentes maak om hulle ekologiese voetspoor te verklein soos byvoorbeeld die plant van bome, herwinningshouers wat op kerkterreine aangebring word asook installasie van energie-besparende toerusting. Ons bely steeds dat ons as gemeentes en groter kerk meer kan doen om ekologiese sensitiewer te leef.

Dit is duidelik dat florering van lewe en steenkoolontginning as energiebron wedersyds uitsluitende begrippe is. 'n Duidelike keuse en etiese standpuntinname veral deur die geloofsgemeenskap is 'n saak van dringendheid. Dit word onder drie hofies as aanbevelings aan die Sinode voorgelê:

- Eerstens: **Profeties**. Die Sinode spreek haar onomwonde uit ten gunste van oorskakeling na hernubare energiebronne en voeg haar stem by regeringsdepartemente, semi-staatsinstellings, ondersoekkommissies, 'groen' nie-regeringsorganisasies [waaronder ekumeniese liggame] en omgewingsaktiviste wat hulle daarvoor beywer. Aldus Schreuder is die soeke na 'n volhoubare oplossing nie alleen te vinde in statutêre regulering en beleidsaanpassing ['top down'] nie, maar ook in die betekenisvolle inskakeling van die plaaslike gemeenskap ['bottom up']. Kits-selfverryking van korrupte sakelui en politici deur aandeelhouding in steenkoolmyne word in die sterkste terme moontlik veroordeel;
- Tweedens: **Priesterlik**. Die Sinode moedig gemeentes, ringe en streeksinodes aan om ondersteunend betrokke te raak by plaaslike gemeenskappe ten einde die nadelige impak van mynaktiwiteite op hulle kwaliteit van lewe en die omgewing te versag. In hierdie verband word samewerking met organisasies soos Bench Marks, Nova, A Rocha, NECCSA, vakbonde en ander NRO's wat dieselfde doel nastreef, bepleit;
- Les bes: **Koninklik**. Terwyl die Sinode die voorbeeld stel om alles in haar vermoë doen ten einde haar eie ekologiese voetspoor te verklein w o 'n energiebesparende bestuurstyl en oorskakeling na hernubare energiebronne bv sonkrag in kantore en geboue, doen sy 'n beroep op streeksinodes, gemeentes en lidmate om soortgelyke stappe te neem.

Vir 'n lang tyd nog gaan steenkool-ontginning 'n sleutelrol in die SA ekonomie speel en slegs 'n omvattende aanpak wat alle belangegroeppe betrek – regering, industrie, omgewing en plaaslike gemeenskap – sal kan begin om die formidabele uitdagings aan te spreek.

5.3 HOE VAL ONS IN BY GOD SE WERK?

“Die Algemene Sinode dra dit aan die Projekspan Ekologie op om ’n studiestuk op te stel oor (1) gemeentes se roeping om ’n volhoubare leefstyl en volhoubare gemeenskappe te bevorder, (2) water en (3) plastiek vir voorlegging by die volgende sinodesitting wat die Sinode sal kan begelei om formeel oor hierdie sake standpunt in te neem”

BRONNE:

Ernst Conradie: *Uitverkoop?* Lux Verbi.BM 2009

G Tyler Miller Jr & Scott E Spoolman: *Living in the Environment* 2012 Brooks/Cole, Cengage Learning

Merel Schreuder: *A Political Risk Assessment and Management Study of Coal Mining* Ongepubliseerde verslag 2014

Taakspan vir Ekologie: Verslag aan Algemene Sinode 2015 [Opgestel deur dr Nadia Marais]

Rasmussen, Larry L. 1996. *Earth community, earth ethics*. Geneva: WCC Publications

Verslag saamgestel deur:

Anton Doyer
Attie van Niekerk
Fay van Eeden